

Vrydag 26 November

Skrifgedeelte: Jesaja 61:1-11

Fokusgedeelte: Jesaja 61:1

Christus kom vir hulle wat op Hom hoop

Die Here gee sy volk, wat in ballingskap was, die belofte van verlossing. Vir die ootmoediges kom daar die blye boodskap van herstel en verlossing van God aan. Die ootmoediges was hulle wat in druk, ellende, gebrokenheid en gevangenskap verkeer het. Vir die volk wat in druk verkeer het, kom dus die belofte van verlossing. Al was hulle hopeloos, kom die belofte van hoop. Daarmee saam het die belofte gekom dat hulle die verwoeste stede en ou puinhope weer sal opbou. Hierdie belofte het in vervulling gegaan toe die oorblyfsel van die volk uit ballingskap teruggekeer het.

Meer as 500 jaar daarna het Christus hierdie teks in die sinagoge van Nasaret voorgelees en gesê: *Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul* (Luk. 4:21).

In Christus vind ons die volkome vervulling van hierdie belofte. Christus skenk aan sy kinders die ware en enigste verlossing. Deur sy dood en opstanding kom herstel Hy dit wat met die sondeval verwoes is. Die bly boodskap is dat Hy gekom het met die verlossing van God. Ons wat in onself hopeloos in die ellende en druk van sonde verkeer het, hoor nie net die belofte van verlossing nie. Nee, in Christus, deur die werk van die Heilige Gees in en deur ons, word ons herskep.

In ons gebrokenheid het Christus gekom. Laat ons daarom op Hom alleen hoop. Laat ons uitsien na sy sy wederkoms wanneer die volkome verlossing wat Hy bewerk het, tot volle realisering sal kom.

Sing: Psalm 42-1:3

Dr. JD Mienie (Juan) (Zeerust)